

VIND EN HERSTEL LEKPLEKKE

Lekplekke kan baie water mors, veral as dit onopsigtelik of ondergronds is en vir 'n lang tyd gelos word. Lekplekke op jou eiendom is jou verantwoordelikheid. Hier is 'n gids om lekplekke vinnig te vind en te herstel, om water en geld te bespaar.

HOE OM LEKPLEKKE OP JOU EIENDOM OP TE SPOOR




1 **STAAK ALLE WATERGEBRUIK.**

Draai al die krane by jou eiendom toe en moenie toilette spoel nie.



2 **KONTROLEER EN TEKEN JOU METERLESING AAN.**



3 **WAG 15 MINUTE EN NEEM NOG 'N LESING.**

Maak seker dat niemand 'n kraan oopgedraai het of toilet gespoel het nie sedert jy die eerste meterlesing geneem het.



4 **AS DAAR 'N VERSKIL IS, HET JY 'N LEKPLEK WAT HERSTEL MOET WORD.**

Indien die getal op die meter toegeeneem het, beteken dit jy het 'n lekplek en dat jy dit moet regmaak.



5 **SKAKEL 'N LOODGIETER OM JOU TE HELP OM DIE LEKPLEK TE HERSTEL.**


Tensy jy dit self kan herstel.

3 EENVOUDIGE TOETSE VIR 'N TOILETLEKPLEK


Een lekkende toilet mors tussen ongeveer 2 600 en 13 000 liter per maand, afhangend van die vloei tempo van die lekplek. 'n Lekkende kraan mors tussen ongeveer 400 en 2 600 liter per maand.



1 Luister hoe die water in die toiletbak inloop.



2 Druk 'n stukkie toilet papier teen die binnekant agter in die bak. As dit nat word, het jy waarskynlik 'n lekplek.



3 Plaas 15 druppels koskleursel in die toiletbak. As die water in die toiletbak ná 15 minute van kleur verander het, is daar 'n lekplek.

As jy nie 'n loodgieter kan bekostig nie, gebruik die afsluitkraan aan die onderkant van die toilet om die watertoevoer tussen spoel af te sluit.

Oorspronklik deur die Stad Kaapstad geskep

JOU MUNISIPALITEIT HET WATERBEPERKINGS IN JOU AREA INGESTEL.

MOENIE DIT UITSTEL NIE

Meld gebarste pype, stukkende meters en enige watermisbruik.

www.h2ohero.co.za #SAVEWATER



Wes-Kaapse
Regering

BETER TESAME.

Water is 'n gedeelde hulpbron.
Moenie meer as jou deel gebruik nie.

Bespaar water **BETER TESAME.**